

24 Oktober

Skrifgedeelte: Hooglied 2:2-3:11

Hooglied – lied van die liefde (1)

In 'n wêreld waar liefde so verwring word – gelykgestel word aan seks – kom die lied van die liefde soos 'n vars briesie om gelowiges se koppe sommer ook skoon te kry daaroor.

Ek vra jou aandag vir die begrip *liefde* wat in Hooglied gebruik word. Die Hebreeuse woord is 'n omvattende begrip vir liefde. Dit staan teenoor die Griekse woorde vir liefde waarmee jy sekerlik al so bietjie te doene gekry het, naamlik *philein*, *eros* en *agape*.

Normaalweg word *philein* gebruik om vriendskapsliefde of toegeneëtheid aan te dui – dié tussen vriende of familielede. *Eros* word gebruik om erotiese liefde aan te dui. En *agape* word normaalweg gebruik om 'n gee-liefde aan te dui: dié liefde tussen God en mens en wat mense ook vir God en ander mense moet hê (1 Kor 13).

Hierdie uitmekaartrek van die begrip liefde is tipies van ons westerse mense. Ons hou mos van analiseer! Dis ook reg op sy tyd. Maar die begrip vir liefde in Hooglied is nie só uitmekaar te haal nie.

Liefde hier in Hooglied is nie beperk tot selfgewende, nie-sensuele liefde nie. Dit bevat ál die konsepte van liefde wat daar is: passie, seksuele aantreklikheid, vriendskap, gehoorsaamheid, lojaliteit, diensbaarheid en toewyding aan die ander persoon. Dis in hiérdie raamwerk wat die Bybel hier oor seks skryf. Trouens, dis ál raamwerk waarin seks werklik tot sy reg kan kom!

Die tema van seksuele genieting en eenwording wat dwarsdeur Hooglied loop, word gedra deur 'n vaste verhouding van toewyding (*commitment*). Hier is duidelik nie sprake van 'n *een-dag-flirtasie* nie. Hier is slegs sprake van totale toewyding en 'n permanente verantwoordelikheid.

Sing: Psalm 45:8,9

Ds GC Verhoef (Wierdapark)